

NETWERK24



18°C / 23°C

- TUIS
- NUUS
- SPORT
- SAKE
- STEMME**
- VERMAAK
- DIE STUDENT
- SKOOL
- LEEF
- TV
- E-PUBLIKASIES
- SOEK

MENINGS

Geloof deel van my menswees

Deur Anton van Niekerk | 16 Februarie 2021 05:05



Dr. Ben du Toit, 'n vriend van my vir wie ek hoë agting het, het 'n boek geskryf (God – is daar 'n ander antwoord?) waarin hy klaarspeel met God.

Wat oorbly, is 'n mens met 'n brein, iemand wat self al sy vrae beantwoord, iemand wat sy bevryding van God beleef as die oopsluit van 'n plaashek en die betreding van 'n gans nuwe, bevryde wêreld.

Die boek het 'n lewendige debat ontlok. Daar is meer mense met vrae oor God, veral in hierdie tyd, as wat ons dink.

Ek is nog nie by die punt waar ek van God afskeid kan of wil neem nie.

Die rede daarvoor is nie omdat die kerk 'n houvas op my het, of omdat ek alles wat in die Bybel staan letterlik glo, of omdat ek brandversekering vir die ewigheid wil uitneem nie. (Trouens, ek wonder soms sterk oor daardie beweerde "ewigheid").

Die rede is eerder die feit dat my geloof 'n integrerende deel van my menswees is.

“ Ek is nog nie by die punt waar ek van God afskeid kan of wil neem nie. ”

Niemand het groter agting vir die wetenskap en die kennis wat dit opgelewer het en steeds oplewer, as ek nie.

NUUSBULLETIN GEWILDSTE

1. Covid-19: Die jongste syfers
2. Prasa betaal miljoene aan verkeerde maatskappy, hoor Zondo
3. FOTO'S: Franschoek-brand steeds buite beheer
4. Misdaadhoof wend hom tot Cele oor 'onregverdige verhoor'
5. 10 maniere hoe die begroting jou sak raak

KRY JOOX
Luister lekker na alles
[Verdere informasie](#)

ANDROID APP ON

Die wetenskap het die wêreld vir ons op 'n onvergeelyklike manier toeganklik en beskikbaar gemaak. Sy jongste kordaatstuk is Covid-19-entstowwe wat binne 'n jaar ontwikkel is en wat eersdaags goed sal werk.

Al vermag die wetenskap en die kennis wat dit oplewer meer as wat ons voorgeslagte ooit sou kon droom, het die wetenskap nie 'n monopolie op betroubare kennis nie.

Alles wat oor elkeen van ons te sê is, is nie uitgeput deur die spektrum van dissiplines aan die universiteit nie – gedug en omvangryk soos daardie spektrum ook al is.

“ Die mens is ook 'n soeker na sin. ”

Want die mens is veel meer as bloot verbruikers van feitelike inligting en materiële voorsiening.

Die mens is ook 'n soeker na sin.

As sodanig vra baie van ons na meer as waarop die wetenskap antwoorde kan bied. Ons vra vrae soos waar ons vandaan kom, hoekom ons hier is, wat ons bestemming is – wat die sin van alles is.

Dis die vrae van die geloof – van daardie oriëntasie in die wêreld wat nie kan of sal rus alvorens dit rus vind in iets of iemand wat die sinvraag sal oopbreek en die betekenis van die geheel, nie slegs die dele nie, sal peil.

In die wetenskap, is ons strewe na objektiewe kennis.

In die geloof is ons strewe na eksistensiële kennis – kennis van wie onself ten diepste is, bo en behalwe die lesse van anatomie, psigologie of sosiologie.

“ Eksistensiële kennis is kennis van die hart. ”

Eksistensiële kennis is kennis van die hart.

Toe Galileo in die 1630's gevra is om sy teorie dat die aarde om die son draai, eerder as andersom, terug te trek, het hy dit teruggetrek, want “of ek nou so sê of nie” (het hy agter sy baard gemompel), “maak geen verskil aan wat die geval is nie”.

Toe Luther egter eweneens gevra is om sy belydenis dat die regverdige alleen deur die geloof lewe, terug te trek, het hy geweier.

Hoekom?

Want as hy daardie belydenis ontken het, het hy opgehou om Martin Luther te wees. Sy eksistensiële was met daardie belydenis op die spel.

Laasgenoemde is 'n deurslaggewende rede waarom 'n klompie bittereinders soos ek self vashou aan die geloof, al vind vele ongelowiges ons verouderd en potsierlik.

Ons stap nie net deur 'n plaashek nie. Ons probeer 'n kruis volg, en ons verwonder ons oor die sin van 'n leë graf.

Van Niekerk is 'n professor in filosofie aan die Universiteit Stellenbosch.

Meer oor: [Anton Van Niekerk](#) | [Ben Du Toit](#) | [Menswees](#) | [Godsdien](#)s | [Geloof](#) | [God](#)

Nog stories

[Inperking stuit misdaad – nie die aandklokkeël](#)

[Vry van 'n vrees vir ander mense](#)

[Gryp 'n entstof met albei hande](#)

[2021 noop ons om te bly hoop](#)

Stemme

Waldimar Pelser

Rubrieksrywer

Waldimar Pelser is redakteur van Rapport en aanbieder van 'In Gesprek' op kykNET.



LUISTER: Waldimar Pelser: Cyril se SA strook nie met realiteit

LUISTER: Waldimar Pelser: Ons soek álmal 'n Kemp in ons hoek



MANS


VROUE

SOEK



[avontuurtier_631](#)

intelligent, aantreklik, gemotiveerd, passievol, avontuurlustig, lief vir die natuur en buitelewe, diereliefhebber, opreg, eerlik, integriteit en mentaliteit, vertroue,...



[Ouboe78](#)

As mense nie mekaar leer ken nie sal hulle nooit weet wat die ander het om te offer inie lewe.